KREDIETAANSOEK

HIERDIE AANSOEK VIR KREDIET INKORPOREER STANDAARD TERME EN VOORWAARDES ASOOK BORGSTELLING

Afdeling A – Vraelys

Ek/Ons

_____
_

(hierinlater na verwys as "die Applikant") doen hiermee aansoek om 'n kredietfasiliteit vir die opening van 'n rekening te **KANHYM ESTATE (Edms) BPK**, registrasie nommer: 2001/014673/07 (hierinlater na verwys as "die Kredietverlener)

Ter ondersteuning van hierdie aansoek word die volgende inligting verstrek:

1. Tipe regspersoon (merk asb)

Alleen Eienaar	Vennootskap	Beslote Korporasie	Privaat Maatskappy	Publieke Maatskappy

2.1 Geregistreerde Naam van Applikant .....

.....

2.2 Handelsnaam/Handeldrywend as .....

2.3 Registrasienommer (indien geregistreer .....

2.4 BTW registrasienommer .....

3.1 Posadres .....

..... Poskode: .....

3.2 Fisiese adres .....

.....

3.3 Afleweringsadres .....

.....

3.4 Geregistreerde adres .....

.....

3.5 Telefoonnommer .....

3.6 Faksnommer .....

3.7 Selnommer .....

3.8 E-pos adres .....

3.9 Naam, adres en kontaknommer van Verhuurder .....

.....

3.10 Persoon verantwoordelik vir betaling van rekening .....

4.1 Datum waarop besigheid begin het | D | D | | M | M | | Y | Y | Y | Y |

Paraaf _____

5.1	Bankiers	
5.2	Tak	
5.3	Takkode	
5.4	Rekeningnommer	
5.5	Tipe rekening	
5.6	Datum rekening geopen	
5.7	Indien rekening minder as 3 jaar geopen is, verstrek asb besonderhede van vorige rekening:	

6.1	Naam van Houermaatskappy	
6.2	Persentasie aandeelhouding	
6.3	Naam van Ouditeur/Rekeningkundige Beampte	
	6.3.1 Straatadres	
	6.3.2 Telefoonnommer	
6.4	Datum van laaste geouditeurde state (heg asb hierby aan)	

7. Besonderhede van Eienaars/Vennote/Lede/Direkteure

Volle Name	ID Nommer	Woonadres	Tel/Sel nr.

Paraaf _____

8. Handelsverwysings

Maatskappynaam	Telefoonnr.

9. Besonderhede van eiendom/me besit deur Eienaars/Vennote/Lede/Direkteure

Verskaf asb slegs eiendom/me besit in persoonlike name van Eienaars/Vennote/Lede/Direkteure

Eienaar	Erf Nr en Dorpsgebied	Waarde	Verband	Verbandhouer
		R	R	
		R	R	
		R	R	
		R	R	
		R	R	

10. Die volgende kredietlimiet versoek is vir assessering alleenlik en vorm nie deel van hierdie ooreenkoms nie:

10.1 Bedrag krediet verlang R _____

10.2 Geskatte maandelikse aankope R _____

11. Handelaar Verifiëring

11.1 Aard van Besigheid _____

Afdeling B – Terme en Voorwaardes

1. TIPE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms is 'n ooreenkoms vir die verlening van 'n kredietfasiliteit deur die Kredietverlener aan die Applikant en dit bestaan uit dié dokumente waarna in klousule 2 hierna verwys word.

2. SAMESTELLING VAN DIE OOREENKOMS

Die ooreenkoms tussen die partye bestaan uit die voor-ooreenkomsstaat en die kwotasie wat aan die kliënt verskaf is met die bylaes daartoe, sowel as hierdie standaard terme en voorwaardes, sowel as die bylaes hierby aangeheg, welke dokumente deur beide partye onderteken is.

3. BESONDERHEDE VAN PARTYE

Die volledige besonderhede van die partye tot die kredietfasiliteitsooreenkoms word in die kwotasie uiteengesit. In hierdie terme en voorwaardes, sowel as in die kwotasie, word na die partye verwys as die Kredietverlener en die Applikant (die verbruiker), onderskeidelik.

4. UITLEG

Wat hierdie ooreenkoms betref en tensy die konteks anders aandui:

4.1 is opskrifte geriefshalwe aangebring en word dit by die interpretasie van die ooreenkoms buite rekening gelaat;

4.2 sluit enkelvoud meervoud in en omgekeerd;

4.3 sluit manlik, vroulik of onpersoonlik die ander in;

4.4 word die ooreenkoms volgens die Suid-Afrikaanse reg uitgelê;

4.5 sluit, waar na insolvensie of sekwestrasie verwys word, ook likwidasie in;

4.6 sluit verwysings na natuurlike persone ook regspersone in en omgekeerd;

4.7 het enige verwysings na "die Wet" betrekking op die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005, soos van tyd tot tyd gewysig, en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

4.8 sal enige verwysing na "borg" geag word 'n verwysing na "borg" en of "sekerheidstellinggewer" soos in die Wet bedoel insluit, na gelang van die omstandighede.

5. DUUR VAN DIE OOREENKOMS

Die duur van die ooreenkoms word uiteengesit in die kwotasie.

6. KEUSE-UITOEFENINGS DEUR KLIëNT

6.1 Bemarkingspraktyke

Die bemarkingsopsies waartoe die kliënt toegestem het/al dan nie, word in die aansoekvorm vir 'n krediet-fasiliteit vervat en sal deur die Kredietverlener op rekord gehou word.

6.2 Verandering van kredietlimiet

6.2.1 Die kliënt neem kennis dat hy daarop geregtig is om op enige stadium gedurende die termyn van die ooreenkoms te versoek dat sy kredietlimiet verlaag word deur skriftelike kennisgewing aan die Kredietverlener, waarin die kliënt 'n maksimum limiet stipuleer wat hy bereid is om as verlaagde limiet te aanvaar. By ontvangs van so 'n kennisgewing moet die Kredietverlener die nuwe kredietlimiet skriftelik aan die kliënt bevestig (in 'n bedrag wat nie meer mag wees as die maksimum limiet deur die kliënt gestipuleer nie), asook die datum bevestig waarop die nuwe limiet in werking tree (welke datum nie meer as 30 (dertig) besigheidsdae van die datum van die kliënt se kennisgewing mag wees nie).

6.2.2 Die kliënt neem kennis dat, sou hy 'n tydelike verhoging van sy kredietlimiet verlang wat daarop sal neerkom dat die bestaande limiet oorskry word, die kliënt verplig is om die Kredietverlener skriftelik om so 'n tydelike kredietlimietverhoging te versoek. So 'n tydelike verhoging, sou die Kredietverlener dit toestaan, sal slegs vir 'n beperkte periode geld en nadat die bedrag daarvan terugbetaal is, sal die kredietlimiet weer verlaag word tot op die oorspronklike limiet wat gegeld het voordat die tydelike verhoging toegestaan is.

7. OPENBAARMAKINGSVEREISTES T.O.V. KLIëNT SE INLIGTING

Die kliënt magtig die Kredietverlener hiermee:

7.1 om enige inligting wat deur of namens die kliënt aan die Kredietverlener verskaf word ingevolge hierdie ooreenkoms, of wat verband hou met hierdie ooreenkoms, aan enige kredietburo beskikbaar te stel, asook aan skuldberaders ooreenkomstig die bepalings van die Wet, insluitend die aansoek om krediet, die toestaan van krediet, die beëindiging van die ooreenkoms en inligting met betrekking tot enige vorm van verstek deur die kliënt en enige stappe gedoen na verstek;

7.2 om navraag te doen by enige kredietburo aangaande enige rekords gehou deur sodanige kredietburo en om 'n kredietprofiel, krediettelling en kredietwaardigheidsverslag van die kredietburo aan te vra; en

Die kliënt neem ook kennis dat:

7.3 die Kredietverlener in terme van die Wet inligting rakende kredietaansoeke en –ooreenkomste, en enige vorm van verstek ingevolge enige vorm van kredietooreenkoms deur die Kredietverlener gesluit, sal rapporteer aan Transunion ITC, wie se kontakbesonderhede soos volg is: www.transunionitc.co.za; tel.no. 011 214 6000; Posbus 4522, Johannesburg, 2000;

7.4 die kliënt geregtig is om 'n kredietburo te kontak en toegang te verkry tot die kliënt se rekords en enige foutiewe inligting in sodanige rekords te laat regstel.

8. WAARBORGE EN ONDERNEMINGS DEUR DIE KLIËNT

8.1 Die kliënt waarborg die korrektheid van alle inligting wat deur hom in die kredietaansoek en dokumente, insluitende finansiële state, wat deur hom ter ondersteuning van die kredietaansoek verskaf is. Hy erken spesifiek dat die finansiering kragtens hierdie ooreenkoms goedgekeur word op grond van die inligting wat hy in die aansoekvorm aan die Kredietverlener verskaf het (en alle dokumente wat hy daaromtrent ingelewer het) en waarborg uitdruklik dat die inligting daarin vervat volledig, op datum, waar en korrek is.

8.2 Die kliënt erken hiermee dat hy enige bedrae wat aan of namens hom uitbetaal en/of voorgeskiet is of teen sy rekening gedebiteer is in terme van hierdie ooreenkoms aan die Kredietverlener verskuldig is en onderneem om alle sodanige bedrae, met rente en koste ingesluit, op die betaaldag van elke bedrag (soos sal blyk uit hierdie ooreenkoms of enige faktuur wat in terme van hierdie ooreenkoms aan hom gelewer word) te betaal. Die kliënt onderneem spesifiek om alle aankope deur hom gemaak, dienste aan hom gelewer of

uitgawes deur die Kredietverlener namens hom aangegaan of betaal gedurende enige maand, te betaal voor of op die laaste dag van die daaropvolgende maand en om nie die kredietperk wat ten opsigte van die maandrekeningfasiliteit-komponent aan hom toegestaan word, te enige tyd te oorskry nie.

8.3 Die kliënt het 'n uiterste vertrouensplig en openbaringsplig teenoor die Kredietverlener, soortgelyk aan die verpligtinge tussen vennote of die plig van 'n direkteur aan 'n maatskappy. Die kliënt sal alle feite aangaande sy sake aan die Kredietverlener openbaar, sal te enige tyd gedurende die duur van die ooreenkoms enige navrae deur die Kredietverlener volledig skriftelik beantwoord, en sal enige bykomende vorms of vraelyste soos wat van tyd tot tyd deur die Kredietverlener mag vereis word (wat mag insluit, maar nie beperk is nie tot, die voorsiening van tot-op-datum finansiële state en bedryfsresultate en lyste van bates en laste wat gebeurlike en voorwaardelike verpligtinge insluit) volledig voltooi en inlewer binne 7 (sewe) dae nadat hy daartoe versoek is.

8.4 Ten einde verdere gevolg aan die bogemelde openbaringsplig te gee, magtig die kliënt, en gee hy hiermee opdrag aan, sy bankiers, ouditeure, boekhouers, prokureurs, alle ander krediteure of agente en enige ander persoon wat oor kredietinligting ten opsigte van die kliënt beskik, om volle openbaring aan die Kredietverlener en sy verteenwoordigers te maak van alle feite, dokumente en ander aangeleenthede soos wat versoek mag word, en om afskrifte van alle dokumente soos wat versoek mag word te maak en aan die Kredietverlener te lewer. Die Kredietverlener of sy verteenwoordigers mag enige dokumente en rekords inspekteer, uittreksels en afskrifte daarvan maak en dit in enige wettige forum gebruik ten einde enige van die Kredietverlener se regte teen die kliënt af te dwing.

8.5 Die kliënt moet die Kredietverlener onmiddellik skriftelik in kennis stel van enige geregtelike prosesstukke wat op die kliënt beteken word, of dreigemente daaroor.

8.6 Indien die kliënt 'n maatskappy is, stem hy onherroeplik toe dat die betrokke Minister of die hof 'n bevel mag verleen vir inspeksie van sy sake ingevolge die Maatskappywet.

8.7 Die kliënt bevestig hiermee dat hy nie by enige ander persoon of instansie aansoek gedoen het vir 'n kredietfasiliteit nie. Die kliënt onderneem om, indien hy na die aangaan van hierdie ooreenkoms wel aansoek sou doen vir die verlening van krediet aan hom, hy die Kredietverlener skriftelik daarvan in kennis sal stel, met insluiting van volledige besonderhede van sodanige aansoek en van die krediet wat wel ingevolge daarvan verleen is.

8.8 Die Kredietverlener (handelende deur enige werknemers of verteenwoordigers) het te alle tye die reg om alle bates wat met gebruikmaking van die fasiliteit aan die kliënt verkoop word en/of as sekuriteit vir die fasiliteit dien te inspekteer (wat mag insluit die aanbring van identifikasiemerke op die bates en/of om foto's daarvan te neem), asook om dokumente en rekords van die kliënt wat betrekking het op die ooreenkoms tussen die partye te inspekteer en afskrifte daarvan te maak en te neem. Die kliënt is te alle tye verplig om alle inligting en samewerking te verleen soos wat verlang mag word, en om alle navrae volledig en stiptelik te beantwoord.

8.9 Indien die kliënt binne gemeenskap van goedere getroud is, moet hy sy gade se skriftelike toestemming tot die sluit van hierdie ooreenkoms aan die Kredietverlener oorhandig. Die toestemming moet deur die gade onderteken word en sy/haar handtekening moet geattesteer word deur twee bevoegde getuies. As 'n alternatief en ten einde te voldoen aan die bepalings van artikel 15 van die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984, moet die gade hierdie ooreenkoms mede-onderteken. Hierdie klousule is nie van toepassing indien die kliënt die ooreenkoms sluit in die gewone loop van sy beroep, bedryf of besigheid nie.

8.10 Die kliënt verklaar dat hy nie 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie en dat daar tans geen stappe teen hom hangende is ten opsigte van enige sekwestrasie of likwidasie nie.

9. KOSTE VAN KREDIET/FOOIE EN HEFFINGS EN DIENSFOOI

9.1 Die koste van krediet, asook die fooie en heffings wat deur die Kredietverlener gehef word en van toepassing is op die ooreenkoms, sowel as die datums waarop dit gehef word, word in detail uiteengesit in die kwotasie.

9.2 Die maandelikse diensfooi wat op die kliënt se kredietfasiliteit gehef sal word en die wyse en basis waarop dit betaalbaar is, word ook volledig in die kwotasie uiteengesit.

10. RENTEKOERS

10.1 Indien die rentekoers in die kwotasie vermeld 'n vaste koers is, bly dit onveranderd vir die duur van die ooreenkoms.

10.2 Indien die rentekoers per jaar wat in die kwotasie vermeld word 'n wisselende rentekoers is, geld die volgende bepalings:

10.2.1 Die rentekoers is gekoppel aan die prima koers van ABSA wat van tyd tot tyd mag verander, in welke geval die rentekoers dienooreenkomstig aangepas sal word, met kennisgewing aan die kliënt.

(a) Saamgestelde rente:

(i) In hierdie geval is die aanvanklike rentekoers die rentekoers wat in die kwotasie vermeld word en is 2 (twee) persentasiepunte hoër as die prima uitleenkoers van ABSA, die Kredietverlener se bankiers.

(ii) Die toepaslike rentekoers betaalbaar deur die kliënt is derhalwe, op datum van ondertekening hiervan, betaalbaar teen primakoers plus 2 (twee) % per jaar saamgestel, daagliks bereken en maandeliks gekapitaliseer.

(b) Enkelvoudige rente:

(i) In hierdie geval is die toepaslike rentekoers betaalbaar deur die kliënt derhalwe, op datum van ondertekening hiervan, betaalbaar teen primakoers plus 2 (twee) % enkelvoudig per jaar en sal maandeliks teen die rekening gedebiteer word.

(Skrap wat nie van toepassing is nie tussen (a) of (b) van 10.2.1.)

10.2.2 Indien ABSA sy prima uitleenkoers verhoog of verlaag sal die rentekoers vermeld in die voorafgaande subparagraaf met dieselfde aantal persentasiepunte as waarmee die gemelde uitleenkoers verander word, verhoog of verlaag, na gelang van die geval.

10.2.3 In die geval van 'n verandering van die uitleenkoers sal die Kredietverlener binne 30 (dertig) dae na sodanige verandering die kliënt skriftelik kennis gee van die nuwe rentekoers van toepassing op hierdie ooreenkoms of van die nuwe uitleenkoers van ABSA.

10.2.4 Die partye kom ooreen dat 'n beëdigde verklaring van die 'n bevoegde amptenaar van die tak van ABSA waar die Kredietverlener se rekening bedryf word, afdoende bewys sal wees van wat die prima uitleenkoers op die datum van ondertekening van hierdie kontrak is of van enige verandering wat in vermelde koers ingetree het.

11. BEHOUD VAN EIENDOMSREG

11.1 Ongeag lewering, bly die Kredietverlener die eienaar van alle goedere wat aan die kliënt verkoop en gelewer is totdat die koopprys met rente en koste ten volle betaal is, ongeag of dit vir kontant of op krediet verkoop is of uit die opbrengs van enige lening wat deur die Kredietverlener aan die kliënt gegee is.

11.2 Die kliënt mag nie sonder die Kredietverlener se voorafverkreë skriftelike toestemming enige goedere ten opsigte waarvan die koopprys, rente en/of koste nie ten volle betaal is nie, vervreem of van die hand sit nie, maar mag die goedere vir die kliënt se eie *bona fide*

produksie van landbouprodukte of, in die geval van 'n maandrekeningfasiliteit, vir die uitdruklike doeleindes waarvoor dit toegestaan is, gebruik.

12. REKENINGSTATE

12.1 Die kliënt sal maandeliks van 'n rekeningstaat deur die Kredietverlener voorsien word. Die staat sal aan die kliënt versend word per gewone pos na die kliënt se gekose posadres, soos aangedui in die kwotasie. Die koste en/of prys van die goedere en/of dienste wat die Kredietverlener aan die kliënt verskaf het, min enige krediete wat die kliënt toekom, plus rente en enige ander gelde betaalbaar in terme van die kwotasie, sal op hierdie staat uiteengesit word. Versuim om so 'n staat aan die kliënt te besorg sal nie enige regte vir die kliënt skep nie en hom ook nie geregtig maak om betaling te weerhou nie.

12.2 Die kliënt is geregtig om die geheel of 'n gedeelte van enige debiet of krediet wat op die maandelikse rekeningstaat verskyn, deur die aflewering van 'n skriftelike kennisgewing in geskil te plaas. In so 'n geval onderneem die Kredietverlener om in 'n skriftelike kennisgewing die betrokke inskrywing in redelike besonderhede te verduidelik of om indien nodig te bevestig of die inskrywing verkeerd is en in die kennisgewing uiteensit hoe dit reggestel word. Die kliënt is geregtig om so 'n geskil wat nie tussen die partye opgelos kan word nie, ooreenkomstig artikel 115 van die Wet te laat besleg.

12.3 Tensy die kliënt binne 6 (ses) maande vanaf die *datum* van die rekeningstaat van die Kredietverlener waarop die inskrywing die eerste keer voorkom, skriftelik beswaar maak teen enige debiet of inskrywing wat daarin gereflekteer word, word dit vir alle doeleindes geag dat alle debiete en ander inskrywings daarop korrek is en sal die rekeningstaat om enige geding in 'n bevoegde geregshof afdoende bewys wees van die verskuldigdheid van die bedrae en ander inskrywings wat daarop voorkom.

12.4 Indien die kliënt wel skriftelik beswaar maak teen enige inskrywing op die rekeningstaat, sal die bepalings van klousule 12.3 nie geld ten opsigte van die inskrywing waaroor beswaar gemaak is nie, maar die bepalings van klousule 12.3 sal op die res van die rekeningstaat van toepassing wees.

12.5 Indien enige rekeningstaat, kennisgewing of ander dokument deur die Kredietverlener aan die kliënt gepos word na die adres in klousule 12.1 hierbo vermeld (met ander woorde die adres deur die kliënt in die kwotasie gekies), word dit vermoed dat die rekeningstaat, kennisgewing of ander dokument deur die kliënt ontvang is binne 5 (vyf) dae nadat dit deur Die Kredietverlener gepos is.

13. KREDIETVERSEKERING

Indien kredietversekering op hierdie ooreenkoms van toepassing is, word die besonderhede daarvan uiteengesit in Deel D van die kwotasie, asook in enige aanhangsels tot Deel D, wat Vorms 21, 22 en 23 soos in terme van die Wet voorgeskryf sal insluit, wat deel van hierdie ooreenkoms sal vorm soos in klousule 2 hiervan bedoel.

14. MEERDERE SKULDENAARS

14.1 Waar hierdie ooreenkoms gesluit word tussen die Kredietverlener en meerdere kliënte is die kliënte gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle skulde wat uit hoofde hiervan aan die Kredietverlener betaalbaar word.

14.2 Reëlings met mede-hoofskuldenaars

Die Kredietverlener is te eniger tyd geregtig om enige uitstel of vergunning of kwytskelding aan enige mede-hoofskuldenaar te verleen, of om enige reëling of skikking met sodanige mede-hoofskuldenaar aan te gaan, sonder dat die Kredietverlener se regte teen alle ander skuldenaars of borge daardeur geraak word, en sodanige regte bly desnieteenstaande sodanige uitstel, vergunning of kwytskelding deurentyd ten volle van krag.

15. VERPLIGTE VERSEKERING

15.1 Die kliënt is verplig om die volgende versekering uit te neem en in stand te hou vir solank hierdie ooreenkoms in stand bly, en indien dit nie deur die Kredietverlener verskaf word nie, aan die Kredietverlener te sedeer:

15.1.1 Lewensversekering wat die volle omvang van die kredietfasiliteit dek;

15.1.2 Korttermynversekering wat die volle vervangingswaarde van enige goedere wat voortspruitend uit hierdie ooreenkoms deur die Kredietverlener aan die kliënt verskaf is, of wat as sekerheidstelling vir enige skuld hieronder geld, dek.

15.2 Die kliënt het 'n keuse ten opsigte van lewensversekering om:

15.2.1 te deel in die groepskredietlewensversekeringskema van die Kredietverlener (indien die kliënt kwalifiseer om in die skema te deel);

15.2.2 of om 'n individuele lewenspolis, wat dieselfde dekking verleen as die groepskrediet-lewensversekeringskema, aan die Kredietverlener te sedeer.

15.3 Enige premies betaalbaar, hetsy ten opsigte van die kliënt se deelname aan die Kredietverlener se groeplewensversekeringskema of ten opsigte van die individuele lewenspolis wat aan die Kredietverlener gesedeer word, is vir die rekening van die kliënt en sal deur die Kredietverlener namens die kliënt betaal word, wanneer sodanige premies betaalbaar is, en van die kliënt verhaal word deur die debitering van sodanige premies teen die kliënt se rekening in die Kredietverlener se boeke.

15.4 Die kliënt vrywaar hiermee die Kredietverlener teen enige aanspreeklikheid hoegenaamd teenoor die kliënt, sy boedel, sy regsopvolgers of enige ander persoon indien die Kredietverlener om welke rede ookal nie die bedoelde kredietlewensversekering bekom nie, of indien die versekeringsmaatskappy om enige rede hoegenaamd weier of versuim om 'n betaling in terme van die versekering te maak.

15.5 Die Kredietverlener sal geregtig wees om die volgende kostes te betaal en summier van die kliënt te verhaal of teen die kliënt se rekening te debiteer waar die kliënt in versuim is om dit te betaal:

15.5.1 Premies en hernuwingspremies op alle versekeringspolisse op goedere verskaf, sekerheid-stellingsbates, oeste en diere;

15.5.2 Alle premies ten opsigte van kredietlewensversekering wat as sekuriteit vir enige skuld in terme hiervan aan die Kredietverlener gesedeer is.

15.7 Geen krediet of goedere sal verleen, toegestaan of gelewer word voordat die vereiste lewensversekering uitgeneem en/of aan die Kredietverlener gesedeer is nie.

16. VERSTEK

Die kliënt verbreek hierdie kontrak en is in verstek met die nakoming van sy verpligtinge indien -

16.1 die kliënt versuim om enige bedrag op die betaaldatum daarvan aan die Kredietverlener te betaal;

16.2 die kliënt enige van die terme of voorwaardes van hierdie ooreenkoms verbreek; of

16.3 by die plaasvind van een of meer van die volgende gebeurtenisse:

16.3.1 die kliënt versuim om alle verpligtinge na te kom met betrekking tot die sekuriteite wat die kliënt aan die Kredietverlener verskaf ter versekering van hierdie fasiliteit soos beliggaam in dié dokument(e) waarin die sekuriteit geskep is, soos, byvoorbeeld, notariële verbande, sessies en dekkingsverbande;

16.3.2 daar op enige bates van die kliënt beslag gelê word;

16.3.3 die kliënt versuim om enige korttermynversekering of lewenspolis soos vereis in

terme van hierdie ooreenkoms in stand te hou;

16.3.4 hy die produksiekrediet wat hierkragtens toegestaan word vir 'n ander doel gebruik as waarvoor dit toegeken is of die goedere wat met gebruikmaking van die fasiliteit aangekoop is verkoop of vervreem anders as in die normale loop van besigheid;

16.3.5 die beherende eienaarsbelang in die kliënt (waar die kliënt 'n regspersoon is) of die meerderheid trustees (in die geval van 'n trust) verander sonder die vooraf goedkeuring deur die Kredietverlener;

16.3.6 die kredietperk op enige gedeelte van die fasiliteit oorskry word;

16.3.7 enige vonnis van 'n geregshof of 'n toekenning van 'n arbiter teen die kliënt nie binne 7 (sewe) dae na sodanige vonnis of toekenning aan voldoen word nie of die kliënt nie daadwerklike stappe neem om die vonnis of toekenning tersyde gestel te kry nie;

16.3.8 die kliënt 'n daad van insolvensie pleeg soos bedoel word in die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936;

16.3.9 die kliënt skuldig bevind word aan 'n misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is;

16.3.10 die kliënt versuim om al sy verpligtinge na te kom in verband met sekuriteit wat ter versekering van die verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms verskaf is en wat meer volledig beskryf is in die betrokke dokument(e) wat op daardie sekuriteit(e) van toepassing is;

16.3.11 die kliënt versuim om alle statutêre vereistes na te kom wat op die bedryf van sy besigheid van toepassing is;

16.3.12 die boedel van die kliënt onder voorlopige of finale sekwestrasie of likwidasie geplaas word of 'n geregtelike bestuursbevel teen die kliënt toegestaan word;

16.3.13 inligting of feite met betrekking tot die kliënt se finansiële posisie tot die Kredietverlener se kennis kom waaruit dit in die diskresie van die Kredietverlener blyk dat die finansiële risiko vir die Kredietverlener wesenlik groter word as wat dit was toe die krediet toegestaan is.

17. GEVOLGE VAN VERSTEK

17.1 Alle bedrae verskuldig aan die Kredietverlener word onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.

17.2 Die Kredietverlener is geregtig om, in sy uitsluitlike diskresie, verdere gebruik van die kredietfasiliteit op te skort.

17.3 Die Kredietverlener is geregtig om onmiddellik staat te maak op die sekuriteit wat die kliënt aan die Kredietverlener verskaf het.

17.4 Die Kredietverlener sal die kliënt skriftelik in kennis stel ooreenkomstig artikel 129 van die Wet van enige verstek voordat die Kredietverlener enige geregtelike stappe neem om die ooreenkoms af te dwing of te kanselleer.

17.5 Die kliënt sal 'n periode van 10 besigheidsdae vanaf die datum waarop die kennisgewing aan die kliënt gelewer is, hê om enige verstek aan te suiwer voordat die Kredietverlener enige geregtelike stappe sal neem om die ooreenkoms af te dwing of te kanselleer.

17.6 Indien die kliënt versuim om die verstek betyds aan te suiwer, is die Kredietverlener geregtig om ooreenkomstig sy uitsluitlike diskresie:

17.6.1 die ooreenkoms in stand te hou en af te dwing; of

17.6.2 die ooreenkoms summier te kanselleer en skadevergoeding te eis; en/of

17.6.3 enige ander regte uit te oefen waarop Die Kredietverlener ingevolge hierdie ooreenkoms geregtig is;

17.7 Die Kredietverlener mag ook outomaties en sonder enige kennisgewing, sodra die kliënt in verstek is, verstekrente hef ooreenkomstig die bepalings van artikel 103 van die Wet.

17.8 Aanspreeklikheid vir koste

In geval van verstek deur die kliënt sal die Kredietverlener geregtig wees om alle regskoste te eis op 'n prokureur-en-klientskaal.

17.8.1 Invorderingskoste teen die skaal van prokureur-en-eie-kliënt tot die mate toegelaat deur die Wet op Hooggeregshowe van 1959, die Landdroshowewet van 1944, Wet op Prokureurs van 1979 en die Wet op Skuldinvorderaars van 1998.

17.8.2 Premies en hernuwingspremies op alle versekeringspolisse op bates wat as sekuriteit dien;

17.8.3 Alle premies ten opsigte van kredietlewensversekering wat maandeliks teen die kliënt se toepaslike rekening gedebiteer word;

17.8.4 Alle premies op polisse wat as sekerheidstelling aan die Kredietverlener gesedeer is.

17.9 Sertifikaat

17.9.1 'n Sertifikaat onderteken deur 'n amptenaar van die Kredietverlener, wie se aanstelling of bevoegdheid nie bewys hoef te word nie, waarin enige bedrag deur die kliënt aan die Kredietverlener verskuldig ingevolge hierdie ooreenkoms aangedui word, is *prima facie* bewys van die besonderhede daarin vermeld.

17.9.2 Die sertifikaat kan die uitstaande saldo, die rentekoers en enige ander tersaaklike feite uiteensit en sertifiseer.

17.9.3 Die sertifikaat mag ook in enige ander verrigtinge gebruik word, waar dit as *prima facie* bewys van die inhoud daarvan aanvaar word.

18. REG VAN KLIëNT OM SKULD AF TE LOS EN WYSE WAAROP AFLOSBEDRAG BEREKEN WORD

18.1 Die kliënt is geregtig, ingevolge artikel 122 van die Wet, om hierdie ooreenkoms op enige tydstip te beëindig, sonder kennisgewing, deur die voldoeningsbedrag ten volle te betaal.

18.2 Die voldoeningsbedrag word bereken deur die volgende bedrae bymekaar te tel:

18.2.1 Die onbetaalde gedeelte van die hoofskuld;

18.2.2 Die onbetaalde gedeelte van enige rente en ander fooie;

18.2.3 In die geval van 'n groot kredietooreenkoms soos in die Wet bedoel, 'n vroeë beëindigingsfooi ooreenkomstig artikel 125(1)(c) van die Wet.

18.3 Die kliënt het ook die reg om tussentydse betalings op sy rekening te maak.

19. REGTE VAN KLIëNT M.B.T. ALTERNATIEWE DISPUUTOPLOSSING

Die kliënt of die Kredietverlener is geregtig om:

19.1 Enige dispuut wat nie verband hou met skuldafdwinging nie uit hoofde van hierdie kontrak te verwys vir alternatiewe geskilbeslegting ooreenkomstig die bepalings van artikel 134 van die Wet;

19.2 'n Klagte oor enige oortreding van die Wet te lê by die Nasionale Kredietreguleerder

ingevolge artikel 136 van die Wet. Die kontakbesonderhede van die Nasionale Kredietreguleerder is soos volg: www.ncr.org.za; tel.no. 011 554 2600; Posbus 209, Halfway House, 1685;

19.3 'n Aansoek te rig tot die Tribunaal ingevolge artikel 137(3) van die Wet waar 'n geskil nie bevredigend deur regstreekse onderhandeling of deur alternatiewe geskilbeslegting opgelos kon word nie.

20. REG TOT SKULDBERADER

Die kliënt het die reg om aansoek te doen by 'n skuldberader om oorverskuldig verklaar te word in terme van artikel 86 van die Wet. Die proses wat gevolg moet word is soos volg: Indien die kliënt van mening is dat hy oorverskuldig is soos uiteengesit in die Wet:

20.1 moet die kliënt kennis gee aan die Kredietverlener van daardie feit;

20.2 is die kliënt geregtig om aansoek te doen by 'n skuldberader om oorverskuldig verklaar te word ingevolge die bepalings van artikel 86 van die Wet, tensy die Kredietverlener reeds 'n kennisgewing ingevolge artikel 129 uitgevaardig het.

21. AFSTANDDOENING VAN SPESIALE VERWERE

Die kliënt doen hiermee onherroeplik afstand van die spesiale verwere:

21.1 dat iemand anders eers uitgewin moet word; en

21.2 dat skuld onder medeskuldenaars verdeel moet word.

22. SESSIE DEUR DIE KREDIETVERLENER

22.1 Die Kredietverlener mag te eniger tyd, sonder die kliënt se toestemming, al die Kredietverlener se regte, of enige gedeelte daarvan, wat die Kredietverlener teen die kliënt het, sedeer en oordra aan 'n derde party, en alle tersaaklike feite en dokumente wat op die kliënt se sake betrekking het aan so 'n sessionaris openbaar en oormaak.

22.2 Die Kredietverlener sal geregtig wees om enige sekuriteite ten opsigte van enige skuldbedrag wat deur die kliënt aan die Kredietverlener verskuldig is, aan 'n derde party te sedeer en in geheel of gedeeltelik, in die Kredietverlener se uitsluitlike diskresie, aan sodanige sessionaris oor te dra.

22.3 Die kliënt mag nie sonder die Kredietverlener se voorafverkreë skriftelike toestemming enige van sy regte of verpligtinge teenoor die Kredietverlener oordra of delegeer nie.

23. ALGEMENE BEPALINGS

23.1 Jurisdiksie

Nieteenstaande die bedrag van enige verskuldigheid, stem die kliënt toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof wat andersins regsbevoegdheid sou hê. Die Kredietverlener mag egter na goeddunke regstappe in enige bevoegde hof instel.

23.2 Gekose adres

23.2.1 Die kliënt en die Kredietverlener kies en benoem hulle adresse soos in die kwotasie wat deel vorm van hierdie ooreenkoms as hulle onderskeie *domicilia citandi et executandi* waar alle kennisgewings en prosesstukke vir alle doeleindes wat hiermee verband hou afgelewer en/of beteken mag word.

23.2.2 Enige dokument of kennisgewing (ingesluit maandelikse rekeningstate en alle ander brondokumente wat in die normale verloop van sake deur die Kredietverlener aan die kliënt gestuur word) word geag deur die kliënt ontvang te gewees het -

23.2.2.1 Indien per hand afgelewer, op die datum van aflewering;

23.2.2.2 Indien deur voorafbetaalde aangetekende of gesertifiseerde pos, op die 5de (vyfde) dag na indiening by die poskantoor;

23.2.2.3 Indien per telegram, teleks, telefaks of e-pos, binne 1 (een) dag na versending, met dien verstande dat enige dokument of kennisgewing wat werklik ontvang word voldoende sal wees.

23.2.3 Die kliënt mag sy *domicilium* by wyse van skriftelike kennisgewing aan die Kredietverlener verander na enige ander adres binne die Republiek van Suid-Afrika wat nie 'n posbus of *poste restante* is nie.

23.3 Volle ooreenkoms

Die ooreenkoms soos beskryf in klousules 1 en 2 hierbo is die geheel van die ooreenkoms tussen die partye en bevat alle terme en voorwaardes waarop die partye ooreengekom het. Geen wysiging van, byvoeging tot, weglating uit of kansellasie daarvan met wedersydse toestemming van die partye is bindend op die partye nie, tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is. Terme wat nie in die ooreenkoms beliggaam is nie, vorm nie deel van die ooreenkoms nie. Geen afstanddoening deur enige van die partye van enige van die bepalings of voorwaardes van die ooreenkoms is bindend op die partye nie tensy, insgelyks, dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is.

23.4 Vergunnings en novasie

23.4.1 Geen toegewing, uitstel of ander vergunning wat die Kredietverlener mag toelaat, en geen gedeeltelike uitoefening van 'n reg of versuim om 'n reg uit te oefen sal onder enige omstandighede die Kredietverlener se regte op enige wyse benadeel of as geïmpliseerde toestemming of afstanddoening of novasie beskou word nie en die Kredietverlener mag desnieteenstande daarna en sonder verdere kennisgewing, te eniger tyd volle en tydige nakoming van alle verpligtinge van die kliënt en/of die borg eis en afdwing.

23.4.2 Indien enige bepaling, koers, bedrag of betaling by wyse van skriftelike ooreenkoms wat deur beide partye onderteken word, gewysig word, word dit nie beskou as 'n novasie nie en affekteer dit geensins die ander bepalings van die ooreenkoms tussen die partye nie en affekteer dit nie die Kredietverlener se reg om hangende geskille voort te sit nie, behalwe dat die regte wel dienooreenkomstig aangepas word.

23.5 Deurhaling en deelbaarheid

Elke bepaling van die ooreenkoms is afsonderlik en deelbaar van die res, met die gevolg dat, indien enige bepaling om welke rede ookal onafdwingbaar is of word, dit deurgehaal kan word sonder om afbreuk te doen aan die res van die ooreenkoms.

23.6 Opvolgers

Die ooreenkoms bind die Kredietverlener, die kliënt, en hul opvolgers.

23.7 Standaardwaarborge

Elke ondertekenaar van hierdie terme en voorwaardes en alle gepaardgaande dokumentasie wat deel van die ooreenkoms vorm waarborg dat hy volle magtiging het om namens die betrokke party te onderteken, dat alle interne vereistes en formaliteite nagekom is, en dat die betrokke dokumente behoorlik en volledig en korrek en volgens sy opdragte ingevul en voltooi is.

23.8 Volledige voltooiing

Die Kredietverlener, asook die kliënt, plaas op rekord dat die ooreenkoms in elke opsig reeds volledig voltooi was alvorens elkeen sy handtekening daarop geplaas het en ook eers nadat elkeen homself ten volle op hoogte gestel het van die betekenis, aard en inhoud daarvan.

23.9 Borgakte

Indien die kliënt 'n regspersoon is verbind die Verteenwoordiger homself hiermee as Borg en Mede Hoofskuldenaar van die kliënt vir die behoorlike en stiptelike betaling deur die kliënt aan die Kredietgewer van enige en alle bedrae hoegenaamd wat die kliënt nou of in die toekoms aan die Kredietgewer verskuldig mag wees ongeag die gronde waaruit sodanige skuld ontstaan of die bedrag daarvan.

LET WEL: Moet nie hierdie dokument teken nie, tensy u <u>tevrede is dat</u>:

1. U die inhoud van hierdie dokument verstaan.

2. U geen verdere onafhanklike finansiële en/of regsadvies benodig nie.

3. Die dokument volledig, korrek en volgens u opdrag voltooi is.

Deur u handtekening op die laaste bladsy hiervan te plaas erken u en bevestig u dat u ook elke bladsy van hierdie dokument vir identifikasiedoeleindes parafeer het.

Indien hierdie ooreenkoms in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken word, waarborg die verteenwoordiger deur die ondertekening hiervan dat hy gemagtig is om hierdie ooreenkoms namens sy prinsipaal te onderteken en dat hy gemagtig is om sy prinsipaal hierkragtens te verbind. Indien dit sou blyk dat hy nie oor die voormelde magtiging beskik nie, onderneem hy om alle bedrae hierkragtens verskuldig of wat verskuldig mag word, persoonlik aan die Kredietverlener te betaal asof hierdie ooreenkoms deur hom persoonlik aangegaan is, en vrywaar hy die Kredietverlener teen enige skade of nadeel wat die Kredietverlener mag ly (indien dit blyk dat die prinsipaal vanweë die kliënt se wanvoorstelling nie aan hierdie ooreenkoms gebonde is nie), insluitende enige regskoste deur die Kredietverlener aangegaan om sy regte in terme hiervan af te dwing.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE _____ op hede die _____ dag

van _____.

<u>AS GETUIES:-</u>

1. _____ _____

Kliënt

2. _____

_____

Gevolmagtigde Agent / Borg en mede Hoofskuldenaar

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE _____ op hede die _____ dag

van _____.

<u>AS GETUIES:-</u>

1.

_____ _____

Kredietverlener / Gevolmagtigde Agent

Paraaf _____

2. _____

Paraaf _____